## Dalene Matthee

# GRAAD 12

**NAAM:** ______________________________

Wat beteken die woord "**drama**"?

- Dit is 'n handeling.
- Die storie word aan ons vertel d.m.v. handeling en dialoog.
    * Ons kan sien en hoor wat gebeur.
- Die **voordeel** van 'n drama is dat die gehoor die gebeure voor hulle kan sien afspeel en hulle kan ook die karakters se emosies ervaar.
- 'n **Nadeel** is dat dit binne 'n beperkte tyd opgevoer moet word en die ruimte is beperk.

Die skuinsgedrukte woorde tussen hakies is die **toneelaanwysings/ subteks.**

* Dit dui die handeling/optrede/aksies van die karakters aan.
* Die leser kry inligting oor die karakters, kleredrag, beligting, dekor, klankeffekte en agtergrond.

**Monoloog** = alleenspraak = die gedagtes van ñ karakter.

* Dit gee inligting oor die verhaal aan die gehoor/leser.

**Gedagtespraak** = stem van Fiela en Lukas op band.

**Dialoog** is wanneer die karakters elkeen 'n spreekbeurt kry.

* Die gevoelens en persoonlikheid van die karakters word geopenbaar deur dialoog.

**Vertelperspektiewe**

* die monoloë van Fiela en Elias en
* die "stem op band" = Fiela en Lukas se eie vertellings/gedagtespraak en
* alomteenwoordige verteller = stem op band

## TYD

Gebeure vind chronologies plaas.
Die drama strek oor 17 jaar. (1865-1882)
Die verteltyd is ongeveer 2 uur.
Drie bedrywe.

1ste bedryf
- Die verdwyning van Lukas van Rooyen.
- Benjamin Komotie word by Fiela weggeneem.

2de bedryf
- Benjamin se transformasie na Lukas.
- Fiela se stryd om Benjamin terug te kry.

3de bedryf
- Lukas is nou 'n volwasse man.
- Lukas se stryd om sy plek in die samelewing te vind.

## RUIMTE

Lange kloof
Die Bos
Die See (Knysna)

} Die ruimtes beïnvloed die karakters se gemoedstemmings.

- Lange Kloof = barre/droë/harde wêreld MAAR oop en lig.
  * Simbool van Fiela en haar gesin se eerbaarheid en hardwerkendheid.
    - Sy is liefdevol en streng en godsdienstig.
- Die Bos staan in direkte kontras teenoor die Lange Kloof.
  * Die Bos is vrugbaar MAAR donker.
  * Elias van Rooyen en sy gesin bly hier.
    - Hy is lui en harde mens.
    - Geen liefde.
    - Hy gebruik sy kinders om die werk te doen wat hy moet doen.
    - Hy faal as vader/hy is onsuksesvol as vaderfiguur.

Die lig van die Lange Kloof teenoor die Bos se donkerte kan ook in die karakters se **gemoedstoestande** opgemerk word.

☺ Benjamin Komotie was ñ kind van die ooptes – lig – (Lange Kloof)
  * Hier het hy liefde ervaar.

☹ As Lukas van Rooyen in die Bos – donker.
  * Geen liefde.
  * 'n Pa wat hom wil dwing om dinge te doen en wat vir hom moet werk.
  * Dit beeld sy gevangenisskap uit.

☺ Die See.
  * Lukas is hier uit vrye keuse.
  * Bied vir hom ñ nuwe wêreld – weg van sy verlede.
  * Hy kan homself hier vind.

☹ Fiela Komotie se trauma is veroorsaak deur die konflik tussen bruin en blank/wit.
  * Vir haar het dit nie oor velkleur gegaan nie maar oor beskaafdheid.
    - Die wêreld daarbuite het dit anders hanteer.
  * Blankes het die wet aan hulle kant gehad.
  * Fiela het haar stryd om haar kind verloor omdat sy bruin was en die kind wit.

TAALGEBRUIK

- Die karakters se emosies, denke en mentaliteit word deur hulle taalgebruik uitgebeeld.
- Let op Fiela se kleurryke taalgebruik wat vol beskrywende woorde is.

## TEMAS

- Die mens se soeke na identiteit.
- Die stereotipering van mense op grond van hulle velkleur.
- Magte wat jou lewe manipuleer sodat jy sukkel om geluk te ervaar.
- Die magteloosheid van die mens teenoor die wet en mense se vooropgestelde idees.

## OMSLAG VAN BOEK

- Buite op die omslag is die twee belangrikste karakters in die drama.
- Fiela Komotie en Benjamin Komotie/Lukas van Rooyen.
- Benjamin/Lukas = Protagonis/hoofkarakter
- Antagonis = Elias van Rooyen.
- Groen = helder en lig/dig =simboliseer die stryd
- Fiela se foto beeld haar eerbare/betroubare en hardwerkende karakter uit.

## KLASSE- EN RASSEVERSKILLE

- Klasseverskille het tydens die 19de eeu tussen die arm en meestal ongeletterde boswerkers en die ryker mense van die dorp wat ook geletterd was, voorgekom.
- Klasseverskille tussen Afrikaners en Engelse.
- Klasseverskille tussen die bruin mense en die bevoorregte wit mense.
- Klasseverskille tussen die wit houtkappers in die Bos en die bruin volstruisboere in die Lange Kloof.
  - * Al was van die bruin volstruisboere ryker as die blankes in die Bos, is die blankes nog steeds belangriker geag as die bruin mense.

**AGTERGROND**

Daar is drie groepe mense in die drama.

- Die Bosmense.
  * Hulle was afhanklik van die mense wat hulle hout moes koop.
  * Die houtkopers het hulle uitgebuit.
    - ❖ Dus het hulle arm gebly.

- Die Binnelanders (bruin mense in die Lange Kloof).
  * Hulle het met volstruise geboer.
    - ❖ Hulle het geld en grond besit.

- Mense van Knysna (See).
  * Hier was 'n verskeidenheid van mense.
    - ❖ Bevoorregte mense.


Die hoofkarakter is Benjamin Komotie.

- ➢ Hy is ñ wit kind wat een nag op Fiela (bruin vrou) se voorstoep beland het.
- ➢ Die sensusopnemers (blankes) vind die kind tussen die bruin mense en neem hom weg van die enigste ma wat hy geken het.

Die drama begin waar Lukas van Rooyen (3 jaar oud) in die Bos weggeraak het.

- ➢ Die sensusopnemers het volgens hulle die kind (Lukas) na 9 jaar gevind.
- ➢ So beland Benjamin dan by Elias en Barta van Rooyen en hy word Lukas.
- ➢ As jong man (19 jaar oud) worstel Lukas met die vraag "Wie is ek?"
  - ❖ Hy moet weet want hy is verlief op Nina wat dalk sy sussie kan wees.

  EN
  - ❖ So kom ons dan by die tema uit: Die soeke na mens se identiteit vir sielerus en vrede.




**Eksposisie**

- Begin van die drama.
- Die leser kry inligting oor die karakters en hulle omstandighede en die ruimtes waarin die drama hom afspeel.
- Ons kry meer inligting oor hulle verhoudings met mekaar.
- Die begin van die drama = Toneel 1 en Toneel 2.

**(Motoriese moment) = Spanning bou op**

- Die sensusopnemers daag op in die Lange Kloof.
- Die wegneem van die kind.

**Verwikkeling/Ontwikkeling**

- Spanning neem toe.
- Tekens van konflik.
- Benjamin wat nou Lukas is.
- Sy 9 jaar in die Bos.
- Fiela probeer om hom terug te kry

**Krisis/Klimaks**

- Toe die magistraat Benjamin dwing om saam met Elias en Barta Bos toe te gaan as hulle seun.
- Lukas as 19-jarige man het besluit om Knysna toe te gaan.
- Lukas dwing Barta om te bely dat hy nie hulle kind is nie.

**Ontknoping**

- Spanning word opgelos.
- Lukas neem sy eie naam terug = Benjamin Komotie.
- Hy keer terug na die Lange Kloof.

**Denouement**

- Daar is 'n verrassing.
- Heel waarskynlik het Nina saam met hom na die Lange Kloof teruggeke

# EERSTE BEDRYF (BL. 42-66)

**TONEEL 1** **(BL. 42-46)**

**Bladsy 42**

| | | | |
|---|---|---|---|
| woud | | geluk | |
| gedaan | | aandagtig | |
| onrustig | | balke | |
| geweer | | koeëls | |
| sonde en ergernis | | houtkopers | |
| verkwansel | | ivoor | |
| lisensie | | skepe | |
| afvee | | gryp | |

1 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer en letter (A-D) neer.

Die skuinsgedrukte woorde in die inleiding is deel van die ...

A motoriese moment.
B ontknoping.
C eksposisie.
D klimaks. (1)

2 Wat is die funksie van die skuinsgedrukte woorde in die inleiding? (1)

3 Wat is die funksie van die skuinsgedrukte woorde oor die algemeen? (1)

4 Waar bly Elias en sy familie? (1)

5 Wat verklap die eerste DRIE reëls van Elias se monoloog van sy karakter? (1)

6 **ELIAS: ’n Man het net een lyf en dié moet lank uitkom.**

Verduidelik in jou eie woorde wat die reël beteken. (1)

7 Noem DRIE goed wat vir Elias in sy lewe belangrik is. (3)

8 Wat is volgens Elias ’n skaars ding in die Bos? (1)

9 **ELIAS: Ek glo aan ’n goeie plan en ’n bietjie geluk, al is geluk ’n skaars ding in hierdie Bos.**

9.1 Watter afleiding kan jy maak oor Elias se planne na aanleiding van hierdie sin? (1)

9.2 Stem jy saam met die woorde van dié karakter? Gee ’n rede vir jou antwoord. (1)

10 Elias is 'n hardwerkende man.

Stem jy saam met die stelling? Motiveer jou antwoord. (1)

11 Wat was Elias se lewensfilosofie? (1)

12 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer en antwoord neer.

Die woorde "Die mis is wragtig dik," verhoog die (spanning/angstigheid) in die drama. (1)

13.1 Hoekom was die kinders permanent siek? (1)

13.2 Hoe sou Elias die probleem van nattigheid in die huis kon oplos? (1)

13.3 Waaruit kon Elias aflei dat die nattigheid in die huis die kinders siek gemaak het? (2)

13.4 Wat was die gevolg van die nattigheid in die huis? (1)

14.1 Wat het Elias gedoen toe Barta vir hom koffie gebring het? (1)

14.2 Wat, dink jy, was sy beweegrede vir dié aksie? (1)

15 Na wie het Barta gesoek? (1)

16 Beskryf Barta se gemoedstoestand met EEN WOORD wanneer sy na Lukas soek. (1)

17 Hoe het Elias sy vrou, Barta, beskryf? (1)

18 Wat het Barta volgens Elias nodig gehad? (1)

19.1 Wie wou Elias vra om hom te kom help balke saag? (1)

19.2 Hoekom het Elias die persoon in VRAAG 19.1 nodig gehad? (1)

19.3 Hoekom kon Elias se eie kinders hom nie help nie? (1)

19.4 Waarom het Elias teen ekstra hulp besluit? (1)

19.5 Hoekom sou die persoon in VRAAG 19.1 nie saam Elias en sy vrou kon bly nie? Gee TWEE redes. (2)

20 Noem die ding wat Elias dink hy moes kry om genoeg geld te verdien? (1)

21 Wat wou Elias met die geweer doen? (1)

22 Hoe gaan die skiet van olifante Elias help om ryk te word? (1)

23.1 Stem jy saam met Elias dat diere gejag moet word vir die doel van geldmaak? Motiveer jou antwoord. (1)

23.2 Watter dier word huidiglik in Suid-Afrika deur stropery bedreig? (1)

23.3 Watter maatreëls kan deur die regering getref word om die onwettige jag van diere stop te sit? (1)

24 Noem EEN probleem wat Elias egter sou hê as hy dit kon regkry om 'n olifant te skiet. (1)

25 Hoekom het Elias nog nie daarin geslaag om 'n olifant te skiet nie? (1)

26 Waarom sou die houtkopers vir Elias 'n probleem wees? (1)

27 Waarom wou Elias die ivoor aan die skepe verkoop en nie aan die houtkopers nie? (1)

28 Noem DRIE probleme wat Elias met sy plan het om 'n olifant te skiet. (3)

29 Waarvoor het die houtkopers 'n lisensie gehad? (1)

30 Waar het Willem eerste na Lukas gaan soek? (1)

**Bladsy 43**

| | | | |
|---|---|---|---|
| lewer | | Sukkel | |
| gedaante | | Besig | |
| vuurhout | | verkluimde | |
| liggaam | | Begrafnis | |
| vuis | | Kneukels | |
| katel | | Kap | |

31 By wie moes Willem na Lukas gaan soek? (2)

32 Noem die name en gee die ouderdomme die Van Rooyen-kinders? (4)

33 Wanneer, volgens Elias, was die beste tyd om ivoor aan die skepe te verkoop? (1)

34 Hoekom het Elias nie met die soektog na Lukas gehelp nie? (1)

35 Hoe het Elias reageer toe Barta hom WEER gevra het of hy nie vir Lukas gesien het nie? Gee slegs EEN WOORD. (1)

36 Dink jy dat Elias se gedrag/optrede teenoor sy vrou reg was? Motiveer jou antwoord. (1)

37 Malie, tant Gertjie en Sofie het daar opgedaag.

37.1 Wie het ŉ storie vertel wat die spanning verder verhoog het? (1)

37.2 Skryf die storie neer wat wat die persoon in VRAAG 37.1 vertel het. (4)

38 Waaruit kan jy aflei dat Elias nie kan glo dat die kind weg is nie? (1)

**Bladsy 44**

| | | | |
|---|---|---|---|
| verskeie | | wegraak | |
| skilpad | | voetpaaie/voetpad | |
| grootvoete | | rondstaan | |
| klippe | | | |

39.1 Vir wie het Elias vir die wegraak van Lukas blameer? (1)

39.2 Is Elias se beskuldiging geregverdig? (1)

40 Hoekom kon Barta nie vir Lukas dopgehou het nie? (1)

41 Watter voorstel het tant Gertjie aan Elias gemaak? (1)

42 Hoekom kon die kind, volgens Elias, hulle nie hoor roep nie? (1)

43 Beantwoord die volgende vrae:

43.1 Waarmee het tant Gertjie ŉ kind vergelyk? (1)

43.2 Verduidleik jou antwoord in VRAAG 43.1. (1)

44 Hoekom kon Elias nie help met die soektog na Lukas nie? (1)

45.1 Wie het tant Gertjie voorgestel moes die mans gaan roep? (1)

45.2 Hoekom was die persoon in VRAAG 45.1 ŉ goeie keuse om die mans te gaan roep? (1)

46 Wat is ŉ “grootvoet”? (1)

47 Waaruit kan ŉ mens aflei dat dat dit al laat in die dag was? (1)

48 Noem die voedselsoort wat Lukas voor sy verdwyning geëet het? (1)

49 Waar het Willem Lukas die laaste keer gesien? (1)

50 Waar het Kristoffel vir Lukas die laaste keer gesien? (1)

51 Waarmee het Lukas gespeel toe Kristoffel hom laas gesien het? (1)

52 Watter DRIE dinge wat genoem is, het die leser op die ergste voorberei? (3)

53 **TANT GERTJIE: ’n Kind, Elias, is nes ’n skilpad.**

Benoem die beeldspraak. (1)

54.1 Hoekom, dink jy, is dit so moeilik om in die mis iemand te hoor? (1)

54.2 Hoekom sou dit na aanleiding van bogenoemde so moeilik wees om Lukas op te spoor? (1)

**Bladsy 45**

| | | | |
|---|---|---|---|
| eiland | | spore | |
| omgewing | | omswaai | |
| gerustheid | | beweeg | |
| verskillende | | steeds | |
| aanvaar | | leef | |

55 Waarom sou dit vir Elias moeilik wees om Lukas se spoor te vind? (1)

56 Wie het weggeraak wat nooit gevind is nie? (1)

57 Hoe het Flip Lourens volgens Elias gesterf? (1)

58 Hoe het tant Malie die situasie vererger? (2)

59 Hoekom sou jy kon sê dat tant Malie ’n doemprofeet was? (2)

60 Wat wil die dramaturg bereik met tant Malie se vertellings? (1)

61 Hoe weet ons dat dit nou baie donker is? (1)

62 Waarom sou die grootvoete nie ’n probleem tydens hulle soektog wees nie? (1)

63 Wanneer het die mense die soektog na Lukas gestop? (1)

64 Tot watter gevolgtrekking het die konstabel op die agtste dag gekom? (1)

65 Stem jy saam met die konstabel dat Lukas na 8 dae se soek nie meer kan leef nie? Gee ’n rede vir jou antwoord. (1)

**Bladsy 46**

| | | | |
|---|---|---|---|
| gestut | | verouder | |
| verslae | | geklee | |
| boswagter | | geraamte | |
| opdrifsels | | bobbejaan | |

66 Wat het Barta gedra wat vir ons wys dat sy gerou het? (1)

67.1 Watter soort verteller is die “Stem op die band”? (1)

67.2 Wat is die funksie van die verteller in hierdie gedeelte? (1)

68.1 Wanneer het die boswagter by Elias-hulle opgedaag? (1)

68.2 Watter nuus het die boswagter gebring? (1)

69 Waar het hulle die geraamte van ’n kind gekry? (1)

70 Waaruit kan ’n mens aflei dat die boswagter nie 100% seker was dat dit nie Lukas was nie? (1)

71 Hoe lank na Lukas se verdwyning het die groot reën gekom? (1)

72.1 Hoe het Barta op die nuus van Lukas se dood reageer? (1)

72.2 Hoe het Elias op die nuus van Lukas se dood reageer? (1)

73 Hoe het Barta se voorkoms verander vandat Lukas verdwyn het? (1)

## <u>TONEEL 2</u> (DEEL 1: BL. 46-48)

**Bladsy 46**

| | | | |
|---|---|---|---|
| volstruis | | draf | |
| perdekar | | vreemde | |
| smouse | | rankerig | |
| dasvelle | | kuiken | |
| gebrei | | toegemaak | |

1 Waar het Fiela-hulle gebly? (1)

2 Waarmee was die kinders besig? (1)

3 Waarmee het Fiela geboer? (1)

4.1 Watter voorwaarde het Fiela aan Benjamin gerig wat hy geïgnoreer het? (1)

4.2 Tot watter gevolgtrekking kom jy oor Fiela se gevoelens teenoor Benjamin? (1)

5 **SELLING: Los die kind, Fiela, hy's nie een vir agter draf nie.**

5.1 Wat kan afgelei word oor Benjamin se karakter na aanleiding van die aanhaling? (1)

5.2 Watter emosie toon Selling teenoor Benjamin na aanleiding van die aanhaling? (1)

6 Wie het Fiela gedink was die mense op die perdekar? (1)

7 Hoe lank al het Selling die vreemde perdekar in die omgewing gesien? (1)

8 Wat van die volstruise het Fiela verkoop? (1)

9 Na wie het Fiela as "mooi" verwys? (1)

10 Hoe het Fiela die volstruiswyfie beskryf? (1)

11 Wat het Fiela-hulle nog verkoop om 'n bestaan te voer? (1)

12 Aan wie het Fiela hulle produkte verkoop? (1)

13.1 Vir hoeveel kon Selling die dasvelle aan die smouse verkoop? (1)

13.2 Watter eienskap van Fiela kom hier na vore? (1)

14 Watter voorteken moes Fiela teen die onheil wat op haar gewag het, gewaarsku het? (1)

15 Wat het met een van Fiela se kuikens gebeur? (1)

16 Hoekom sou die valk nie weer ʼn kuiken kon vang nie? (1)

17 Waarom steur Fiela haar nie eintlik aan die vreemde perdekar nie? (1)

18 Hoe het Fiela oor haar nuwe volstruiswyfie gevoel?
Gee slegs EEN WOORD. (1)

**Bladsy 47**

| | | | |
|---|---|---|---|
| beweeg | | berge | |
| lafenis | | yslike | |
| hindernis | | milddadig | |
| reën | | groei | |
| stof | | sonde | |
| sonder genade | | blom | |
| oorvloed | | droogte | |
| vergeet | | wurg | |
| denke | | sloot | |
| karwatse en swepe | | swakte | |
| skel | | wyfie | |

19 Op watter manier word daar aan die leser inligting gegee omtrent die ruimte in die Lange Kloof? (1)

20 Noem die verskille tussen die Lange Kloof en die Seekant? Verwys na die:

20.1 plantegroei. (1)

20.2 reënval. (1)

20.3 tipe wêreld. (1)

21 Wat suggereer Fiela se monoloog oor haar verhouding met haar Skepper? (1)

22 Wat het die Here vir Fiela aan die Kloof se kant gelos waarvoor sy baie dankbaar was? (1)

23 Fiela is ʼn dankbare/positiewe mens.

Stem jy saam met die stelling? Motiveer jou antwoord met TWEE voorbeelde. (2)

24 Watter werk het Selling vir ʼn ekstra inkomste gedoen? (4)

25 Hoekom kon Selling nie meer help met die harde werk op die plaas nie? (1)

26 **FIELA: Veel is Selling nie meer nie.**

Verduidelik wat Fiela met die woorde bedoel het. (1)

27.1 Wat moes Fiela soms doen om Selling aan die werk te kry? (1)

27.2 Wat kan jy aflei oor Fiela se persoonlikheid met die handeling van haar in VRAAG 27.1? (1)

28 Wat kan jy aflei oor Fiela se karakter uit díe monoloog? Noem TWEE dinge. (2)

29 Hoe verskil Fiela se karakter van Selling? (2)

30 Wat was die naam van die volstruismannetjie? (1)

31 Hoekom het Fiela Skopper 'n "sleg ding" genoem?/ Hoekom was Fiela kwaad vir Skopper? (1)

**Bladsy 48**

| | | | |
|---|---|---|---|
| ruil | | heining | |
| geskop | | lieg | |
| skuit | | hout | |
| stemme | | agtergrond | |
| preek | | lange | |
| dikke | | bebril | |
| skryfgoed | | predikers | |

32 Gee die name van Fiela se seuns. (3)

33 Gee die name van Fiela se dogters. (2)

34 Wat het Fiela vir die volstruiswyfie betaal? (1)

35 Fiela het kontant betaal vir die volstruiswyfie.

Motiveer hoekom die stelling VERKEERD is. (1)

36 By wie het Fiela Pollie gekry? (1)

37 Waaroor was Koos Wehmeyer ongelukkig? (1)

38 Waaroor het Benjamin geklik? (1)

39 Hoekom, sou jy sê, het Kittie so vinnig vir Fiela gesê Benjamin lieg? (1)

40 Waarom, dink jy, moes die kinders uit die hitte kom? (1)

41 Waarmee het Benjamin graag gespeel/homself besig gehou? (1)

42 Hoe het Benjamin sy skuite gemaak? (1)

43 Wie het Selling gedink was die mans op die perdekar? (1)

44 Hoeveel mans was daar? (1)

45 Beskryf die TWEE mans wat op die perdekar was. (2)

46 **SELLING: Daardie perdekar is al heelweek op en af hier in die Kloof. Vreemde kar.**

Selling verwys vier keer na die vordering van die kar. Watter invloed het dit op die leser? (1)

## <u>TONEEL 2</u> (DEEL 2 : BL. 49-51)

**Bladsy 49**

| | | | |
|---|---|---|---|
| besigheid | | sensus | |
| Goewerment | | tel | |
| hoenders | | weghol | |
| wegdryf | | aanhou | |

1 Waarom kan die koms van die sensusopnemers as die motoriese moment van die drama beskou word? (1)

2 Die sensusmans het nie name nie. Hoe word daar na hulle verwys? (2)

3.1 Hoekom, dink jy, het die mans nie hulleself aan Fiela en Selling voorgestel nie? (1)

3.2 Hoe sal jy die gedrag van die mans beskryf? Gee EEN WOORD. (1)

4 Wat het die mans daar kom doen? (1)

5 Wie het die mans opdrag gegee om die mense te tel? (1)

6 Hoekom het Fiela so groot geskrik toe die mans hulle meedeel wat hulle daar kom doen het? (1)

7 Hoe het die Dikke die tel van die mense geregverdig? (1)

8 Wat het Fiela gehoop moet gebeur sodat Benjamin nie naby die huis kom nie? Noem TWEE dinge. (1)

9 Waaroor het die Dikke gekla toe hy van die perdekar afgeklim het? (1)

10 Hoe het Fiela die mans aangespreek? (1)

11 Waarvoor het die Lange gevra? (1)

12.1 **DIKKE: Kan een van julle lees en skryf?**

Wat het die Dikke met hierdie woorde geïmpliseer? (1)

12.2 Hoekom, dink jy, was die vraag deur die Dikke aanvaarbaar? (1)

13 Fiela kan lees en skryf.

Stem jy saam met die stelling? Motiveer jou antwoord. (1)

14 Waaroor was Selling baie verleë/skaam? (1)

**Bladsy 50**

| | | | |
|---|---|---|---|
| verwilder | | loer | |
| ewig kwyt | | bevestig | |
| behoort | | erfbrief | |
| pagters | | werfvolk | |

15.1 Wanneer is Selling waarskynlik gebore? (1)

15.2 Hoe het Sellings se pa aan hom verduidelik wanneer hy gebore is? (1)

16 Wat is Fiela bereid om op te offer solank die kinders net wegbly van die huis af? (3)

17 Gee DRIE voorbeelde om te bewys dat die mans op Fiela-hulle neergesien het. (3)

18 **LANGE: Tydens watter pes of ellende is jy gebore?**

Wat het die Lange met die woorde aan Fiela gesuggereer? (1)

19 Sal jy dit aanvaar as mense jou sonder respek aanspreek/behandel? Gee ŉ rede vir jou antwoord. (1)

20 Wat was Fiela se volle name? (1)

21 Wanneer is sy gebore? (1)

22 Wanneer is sy en Selling getroud? (1)

23 In watter boek is Fiela se belangrike datums aangeteken? (1)

24 Vir wie het Fiela se pa en oupa gewerk? (1)

25 **FIELA: ... hulle vir die Wehmeyers doodgewerk.**

Wat het Fiela met die woorde bedoel? (1)

26 Verduidelik hoe Fiela die eienaar van die grond geword het waarop hulle bly? (2)

27 Hoeveel grond het aan Fiela behoort? (1)

28 Waar is die bewyse dat die grond aan Fiela behoort? (1)

29 **FIELA: Ons is nie pagters nie. Ook nie werfvolk nie.**

Wat wou Fiela met hierdie woorde aan die sensusmanne oordra? (2)

30 Wat het Fiela vir die Here gevra om te doen toe die Lange wou weet

hoeveel kinders hulle het? (1)

31 Verduidelik hoekom Fiela Benjamin nie naby die huis wou hê nie? (2)

32 Hoeveel kinders het Fiela en Selling? (1)

33 Kies die geboortedatum uit KOLOM B wat pas by die karakter in KOLOM A. Skryf net die vraagnommer en letter neer, bv. 33.6 G.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 33.1 Dawid | A 19 Oktober 1836 |
| 33.2 Benjamin | B 4 Januarie 1856 |
| 33.3 Emma | C 2 Maart 1857 |
| 33.4 Kittie | D 17 November 1858 |
| 33.5 Tollie | E 6 Februarie 1860 |
| | F 13 Februarie 1862 |

(5)

**Bladsy 51**

| | | | |
|---|---|---|---|
| werf | | leeglêers | |
| kerk | | stok | |
| omgeslaan | | stralend | |

34 Hoe oud was Benjamin? (1)

35 Hoekom het Fiela gemaak asof sy Benjamin se naam uit die Bybel lees? (2)

36 Wat was die naam van Fiela se plaas? (1)

37 **LANGE: Waaruit maak julle 'n lewe?**
**FIELA: Uit wat ons met ons hande verrig.**

Wat het Fiela aan die Lange met haar antwoord op sy vraag probeer sê? (1)

38 Waaruit maak Fiela-hulle 'n bestaan? Noem SEWE goed. (7)

39 Waarmee boer die Komoeties wat van reën afhanklik is? (3)

40 Hoe het Selling tot die huishouding bygedra? Noem VIER dinge. (4)

41 Aan watter kerk het Fiela-hulle behoort? (1)

42 Noem die naam van die kerk wat hulle in die steek gelaat het. (1)

43 Waaroor was Benjamin baie opgewonde toe hy die gesprek tussen Fiela en die mans onderbreek het? (1)

44 Hoe is Fiela se ergste vrees bewaarheid? (1)

45.1 Waaruit kan jy aflei dat Fiela Benjamin baie liefhet? (1

45.2 Fiela bevind haar in 'n moeilike situasie.

Wat voel jy vir haar? Gee slegs EEN WOORD. (1)

45.3 Gee 'n rede vir jou antwoord in VRAAG 45.2. (1)

46 Hoe het die twee mans en Selling onderskeidelik op Benjamin se aankoms reageer? (3)

47 Waarom sou jy sê was die twee mans so geskok toe hulle Benjamin sien? Gee TWEE redes. (2)

48 Kan jy met die mans se skok toe hulle Benajmin gesien het, identifiseer? Verduidelik jou antwoord. (1)

49 Hoe, dink jy, tree die meeste mense vandag op teenoor ouers wie se kinders van 'n ander ras is? (1)

50 Tot watter gevolgtrekking kan jy kom as jy na die mans se gedrag kyk toe hulle Benjamin gesien het? (1)

51 Wat het Fiela die Lang man geantwoord toe hy haar gevra het wie se kind Benjamin was? (1)

52 Dink jy die sensusmanne was verras oor die nuus dat Fiela Benjamin se ma was? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

53 Hoekom het die Lang man 'n probleem gehad met Fiela se antwoord dat sy Benjamin se ma was? (1)

## <u>TONEEL 2</u> (DEEL 3: BL. 52-57)

**Bladsy 52**

| | | | |
|---|---|---|---|
| hanskind | | luister | |
| agterdeur | | gehoor | |
| huil | | los | |

1 Hoekom het die sensusopnemers so intens in Benjamin belanggestel? (1)

2 Hoekom het die mans gedink iets vreemds was aan die gang? (1)

3 Verduidelik wat Fiela bedoel het met Benjamin is haar "hanskind"? (1)

4 Waar het Fiela vir Benjamin gekry? (1)

5 Hoeveel jaar gelede het Fiela vir Benjamin gevind? (1)

6 Hoe oud was Benjamin toe sy hom gevind het? (1)

7 Hoe oud was Benjamin tydens die sensusopnemers se besoek? (1)

8 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer en letter neer, bv. 8E.

Benjamin het ... toe Fiela hom by haar agterdeur gevind het.

A gestaan
B gekruip
C gesit
D gelê (1)

9 Benjamin was 3 jaar oud toe Fiela hom gevind het.

Hoekom sal jy sê die stelling is nie heeltemal korrek nie. (1)

10 Hoe het Fiela geweet daar was iemand buite by haar agterdeur die nag toe sy Benjamin gevind het? (1)

11 Wie het Fiela gedink het Benjamin by haar deur gelos? (1)

12 Het die mans Fiela se storie oor Benjamin geglo? Motiveer jou antwoord. (1)

13 Watter tyd van die dag was dit toe Fiela vir Benjamin gevind het? (1)

**Bladsy 53**

| | | | |
|---|---|---|---|
| buite | | slim | |
| werf | | verkeerde | |
| vername | | magistraat | |
| veldkornet | | skaapdiewe | |
| begrafnis | | weer | |

14 Hoe sou jy gevoel het as jy Fiela was en die mans het jou so aangeval met woorde? (1)

15.1 Fiela het dadelik haar daad om Benjamin te hou verdedig. Wat sou jy gedoen het as jy Fiela was? (1)

15.2 Wat sou jy doen as die sensusmanne jou so aangeval het met hulle woorde? (1)

16 Wat het Fiela verkeerd gedoen volgens die Lange? (1)

17 Verduidelik hoe Fiela haar gedrag probeer regverdig het? (3)

18 Fiela het gevoel dat daar ook bruin kinders tussen die wit kinders op die wit mense se werf was.

Hoekom was dit toelaatbaar volgens die Lange? (1)

19.1 Vir wie moes Fiela van die koms van die kind vertel het? (1)

19.2 Waar sou sy die persoon in VRAAG 19.1 gevind het? (1)

19.3 Hoekom was die persoon in VRAAG 19.1 die aangewese persoon? (1)

19.4 Hoekom kon Fiela nie vir dié persoon van Benjamin vertel nie? (1)

20.1 Na wie moes Fiela Benjamin gevat het toe sy nie vir Petrus Zondagh in die hande kon kry nie? (1)

20.2 Hoekom was die persoon in VRAAG 20.1 nie ŉ opsie nie? (1)

21.1 Vir wie het Fiela in die dorp van Benjamin probeer vertel? (1)

21.2 Hoekom was Fiela se twee pogings om die veldkornet oor Benjamin in te lig, onsuksesvol? (2)

22 Waarom het Fiela nie ŉ derde keer probeer om die veldkornet in die hande te kry nie? (1)

**Bladsy 54**

| | | | |
|---|---|---|---|
| skelm | | steel | |
| destyds | | weggeraak | |
| boodskap | | gestuur | |
| onthou | | sweer | |
| visvang | | emmer | |
| helderder | | lyn | |
| trek | | berg | |
| voorstel | | gedwaal | |

23 Waarvan het die Lange Fiela beskuldig? (1)

24 Hoe lank gelede het Fiela vir Benjamin voor haar agterdeur gekry? (1)

25 Wat het die Dikke skielik onthou wat Fiela se lewe sou verander? (1)

26 Wie was destyds die magistraat op Knysna? (1)

27 Wie het die magistraat gestuur om die houtkappers te help soek na die verlore seun? (1)

28.1 **FIELA: Nou probeer baas visvang in ʼn emmer.**

Verduidelik die betekenis van die uitdrukking. (1)

28.2 Gee ʼn ander uitdrukking wat dieselfde betekenis het. (1)

29 Waar het die kind volgens die Dikke weggeraak? (1)

30 Hoekom is dit volgens Fiela onmoontlik vir ʼn kind van 3 jaar oud om van agter die Bos tot by hulle in die Lange Kloof te loop? (1)

**Bladsy 55**

| | | | |
|---|---|---|---|
| eier | | padlangs | |
| skoon | | netjies | |
| gesag | | opgeskryf | |
| waarheid | | op te spoor | |

31 Waarmee het Fiela die onmoontlikheid van wat die Dikke beweer, vergelyk? (2)

32 **LANGE: Wat van padlangs?**

Hoekom was dit volgens Fiela ook nie moontlik nie? (1)

33 Hoe het Fiela die mans probeer oortuig dat die kind nie self tot by haar deur geloop het nie? (1)

34 Wie was die "Hoër Gesag"? (1)

35 Die Lange wou Benjamin uitvra oor wat hy van die dag kon onthou toe hy by Fiela opgedaag het.

Dink jy dit is vir 'n kind van 3 jaar moontlik om sulke besonderhede te onthou? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

36.1 **DIKKE: Miskien moet ons die kind saam met ons neem.**

Hoe het Fiela aan die mans gewys dat sy dit nie sou toelaat nie. Gee TWEE feite. (2)

36.2 Hoekom sou dit vir die mans moontlik wees om die inligting oor Benjamin se geboorte in die Goewermentsboek te verander? (1)

37 Fiela het Benjamin se ma probeer opspoor.

Stem jy saam met die stelling? Motiveer jou antwoord. (1)

38 Dink jy die mans kon meer simpatiek teenoor Fiela gewees het? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

**Bladsy 56**

| | | | |
|---|---|---|---|
| bang | | klip | |
| veld | | oppas | |

39 Hoe het die Dikke Benjamin se vertroue probeer wen? (1)

40 Wie het Benjamin gewoonlik gehelp om sy skuitjies te maak? (1)

41 Hoe het Benjamin Selling aangespreek? (1)

42.1 Hoe het Benjamin die mans aangespreek? (1)

42.2 Hoe het Fiela die manier waarop Benjamin die sensusopnemers aangespreek het, verdedig? (1)

42.3 Hoekom was dit vir die mans onaanvaarbaar dat Benjamin hulle "baas" genoem het? (1)

43 Wat het die mans Fiela meegedeel, sou hulle die volgende dag in Knysna gaan doen? (1)

44 *Musiek. Doof ligte uit. Ligte op. Dieselfde toneel. Almal is besig met iets, bv. velle brei.*
Wat is die funksie van die skuinsgedrukte woorde na die Lange se spreekbeurt? (1)

45.1 **FIELA: (op band): Februarie. Maart. April. Voorwinter.**

Wat is die funksie van die VIER eenwoordsinne? (1)

45.2 Bespreek die effektiwiteit van die VIER eenwoordsinne. (2)

46 Wat het Fiela met "Voorwinter" bedoel? (1)

47 **FIELA: Dit is of die klip wat Februarie in my gaan lê het, ligter geword het.**

47.1 Wat was die "klip" waarna Fiela verwys? (1)

47.2 Met watter vrees het Fiela in die oggende wakker geword? (1)

47.3 Watter maand was die sensusopnemers by Fiela-hulle? (1)

47.4 Hoeveel maande is verby vandat die mans op Wolwekraal was? (1)

48 Fiela het gerus begin raak oor die sensusopnemers se belofte dat hulle gaan terugkom.

Stem jy saam met die stelling? Motiveer jou antwoord. (1)

49 Wanneer het die onrus in Fiela se hart so 'n bietjie bedaar? (1)

50 Waarvan was Selling oortuig ten opsigte van die sensuopnemers? (1)

51.1 Dink jy die sensusmanne sou vandag in die 21ste eeu dieselfde reageer het? Motiveer jou antwoord. (1)

51.2 Hoekom, dink jy, sal Fiela in die 21ste eeu tog wel in die moeilikheid beland oor haar optrede om die kind te behou? (1)

52 Hoekom was Selling doodseker dat die sensusopnemers nie meer sou terugkom nie? (1)

53 Hoe het Fiela die skyn van normaliteit op die werf behou? (1)

**Bladsy 57**

| | | | |
|---|---|---|---|
| ore | | oopskop | |
| oppas | | alleen | |
| riem | | wasgoed | |
| broei | | trommel | |
| bekommerd | | deurmekaar | |

54 Wat was Fiela se verskoning aan Benjamin oor hoekom hy nie saam die ander kinders die volstruise in die veld mag gaan oppas nie? (2)

| | | |
|---|---|---|
| 55 | Hoekom, dink jy, het Fiela Benjamin by die huis gehou? | (1) |
| 56 | Hoe het Fiela haar besluit om Benjamin op die werf te hou, geregverdig? | (2) |
| 57.1 | Hoekom wou Tollie eerder Benjamin as Kittie saam met hom hê? | (1) |
| 57.2 | Hoe sou Fiela Kittie straf as sy uitvind sy doen nie haar deel nie? | (1) |
| 57.3 | Glo jy ouers mag hulle kinders straf deur hulle ʼn pak slae te gee/ lyfstraf toe te pas? Gee ʼn rede vir jou antwoord. | (1) |
| 58 | Waarmee het Fiela Benjamin se brei van die velle vergelyk? | (1) |
| 59 | Hoekom wou Fiela hê die volstruise moes broei? | (1) |
| 60 | Wat was die volstruiswyfie se naam? | (1) |
| 61 | Hoekom het Skopper volgens Fiela nie in Pollie belanggestel nie? Gee TWEE redes. | (2) |
| 62 | Wat, dink jy, het Fiela gedink toe Benjamin daar ingehardloop gekom het? | (1) |
| 63.1 | Wat se goeie nuus het Benjamin egter gebring? | (1) |
| 63.2 | Hoe het Benjamin oor die gedrag van die wyfie gevoel? Gee slegs EEN woord. | (1) |
| 64 | Hoekom was almal so bly oor die volstruiswyfie wat gedans het? | (1) |

## TONEEL 3 (BL. 57-59)

### Bladsy 57

| | | | |
|---|---|---|---|
| grootvoete | | verbitterd | |

1 Wat het met Elias gebeur? (1)

2 Hoekom was Elias so verbitterd? Gee TWEE redes. (2)

3 **ELIAS: Maar ek sal hulle kry, sê ek julle. Elias van Rooyen sal hulle kry.**

Watter karaktereienskap van Elias kom hier na vore? (1)

4 Voel jy jammer vir Elias? Gee ŉ rede vir jou antwoord. (1)

### Bladsy 58

| | | | |
|---|---|---|---|
| aandruk | | afgrond | |
| godsgenade | | weggekom | |
| neergooi | | handbyl | |
| kortsaag | | osrieme | |
| kombers | | uil | |
| vlieg | | skrik | |
| moeilikheid | | verkeerde | |
| vernielde | | vertrap | |
| boodskap | | moontlikheid | |
| lewend | | probeer | |

5 Verduidelik die plan wat Elias gemaak het om die grootvoete te vang? (2)

6 Hoeveel olifante was daar? (1)

7 Wat was dit van die olifante wat Elias wou hê? Hoekom? (2)

8 Noem VIER items wat Elias moes neergooi toe die olifante hom gejaag het? (4)

9.1 Hoekom was Barta so omgekrap met Elias toe hy by die huis aangekom het? (1)

9.2 Hoekom was VRAAG 9.1 ŉ probleem vir Barta? (1)

9.3 Barta was meer bekommerd oor die kombers as haar man.

Hoe sou jy reageer het as jy in Barta se skoene was? Gee ŉ rede vir jou antwoord. (1)

9.4 Wat kan jy aflei uit VRAAG 9.1 oor die van Rooyens se finansiële status? (1)

10 Watter voorteken was daar wat moeilikheid vir die van Rooyens voorspel? (1)

11 Barta is bygelowig.

Stem jy saam met die stelling? Motiveer jou antwoord. (1)

12 Hoekom, dink jy, het Elias geskrik toe hy die Boswagter gesien het? (1)

13 Van wie af het die boswagter ’n boodskap gebring? (1)

14 Watter nuus het die Boswagter vir Elias-hulle gebring? (1)

**Bladsy 59**

| | | | |
|---|---|---|---|
| bedaard | | hof | |

15 Waar het hulle die seun gevind? (1)

16.1 Hoekom, dink jy, het Elias gesukkel om die nuus te glo? (1)

16.2 Kan jy met Elias se ongeloof identifiseer? Gee ’n rede vir jou antwoord. (1)

17 Wat is Elias se seun se naam wat verdwyn het? (1)

18 Waar en wanneer wil die Magistraat Elias en Barta sien? (2)

19 Wat was die funksie van die boswagter? (1)

20 Is Elias LETTERLIK deur die olifante verniel? Gee ’n rede vir jou antwoord. (1)

## <u>TONEEL 4</u> (DEEL 1: BL.59-62)

**Bladsy 59**

| | | | |
|---|---|---|---|
| aalwee | | skoonmaak | |
| hoenderhok | | speel | |
| brood | | sny | |
| skink | | kruis | |
| seep | | skuld | |
| roei | | roer | |

1 Waarom kon Fiela nie aalwee tap soos sy beplan het nie? (1)

2 Hoekom, dink jy, was Benjamin baie bly toe hy gehoor het hulle gaan nie veld toe nie? (1)

3.1 Wat moes Benjamin doen voor hy kon gaan speel? (1)

3.2 Dink jy Benjamin tree op net soos enige ander kind? (1)

4 Fiela het ander werk aan die kinders uitgedeel.

Watter opdrag het Kittie en Emma onderskeidelik gekry? (2)

5.1 Wie het die skuld gekry vir die seep wat nie so goed gelyk het nie? (1)

5.2 Hoekom het Kittie die persoon in VRAAG 5.1 blameer? (1)

**Bladsy 60**

| | | | |
|---|---|---|---|
| winkel | | emmer | |
| meel | | wêreld | |
| verskyn | | luister | |

6 Kittie is nie baie fluks/hardwerkend nie.

Stem jy saam met die stelling? Gee TWEE voorbeelde om jou antwoord te motiveer. (2)

7 Fiela gee Emma nog 'n opdrag. Wat was dit? (1)

8 Fiela bestuur haar huishouding soos 'n diktator.

Hoekom is die stelling WAAR? (2)

9 Wat het Fiela beplan om te doen nadat almal hulle take voltooi het? (1)

10 Hoekom sou Tollie nie kon help nie? (1)

11.1 Hoekom het Fiela met Benjamin geraas? (1)

11.2 Hoekom mag Benjamin dit nie doen nie? (1)

12 Selling het ellendig gelyk. Waaroor het Selling gekla? (1)

13 Noem die medisyne wat Fiela hom gegee het om te drink. (1)

14 Hoekom kon Selling, volgens Fiela, nie die week siek wees nie? (2)

15 Fiela is streng maar regverdig.

Hoekom sou jy sê die stelling is WAAR? (1)

16 Watter nuus het die sensusopnemers gebring? (1)

17 Wat was die naam van die nuwe Magistraat? (1)

18 Hoe het Fiela op die nuus van die mans reageer? (1)

**Bladsy 61**

| | | | |
|---|---|---|---|
| oormôre | | opklaar | |
| vasstel | | ver | |
| mors tyd | | gewillig | |
| voorsê | | belowe | |

19 Watter dag van die week het die sensusopnemers weer by Fiela se huis opgedaag? (1)

20 Wie gaan ook by die hof wees saam met Benjamin? (1)

21 Waaruit kan die leser aflei dat die Dikke klaar besluit het dat Benjamin die kind van die van Rooyens was? (1)

22 Wat het Fiela gevoel moes die magistraat en die bosvrou doen? (1)

23 Wat het Fiela aangebied om te doen wat die mans dadelik afgeskiet het? (1)

24 Waarom sou Fiela, volgens die Lange, Benjamin nie self Knysna toe kon neem nie? (2)

25.1 Hoe het Fiela na Barta van Rooyen verwys? (1)

25.2 Wat is Fiela se houding teenoor Barta? (1)

25.3 Is Fiela se houding teenoor die bosvrou geregverdig? (1)

26 Hoekom is die Lange se redenasie van dis te ver om te voet Knysna toe te loop, ironies? (2)

27 Waarom mag Fiela nie vir die Magistraat voorsê nie? (1)

28 Hoekom kon Fiela nie saamgaan Knysna toe nie? (1)

29.1 Hoekom was dit vir Fiela so belangrik om saam te gaan? (1)

29.2 Wat sê die antwoord in VRAAG 29.1 vir jou van Fiela se karakter? (1)

30 Wie kan direk blameer word vir die feit dat daar ŉ donker wolk oor Benjamin se toekoms hang? (1)

**Bladsy 62**

| | | | |
|---|---|---|---|
| traan | | stort | |
| middae | | somme | |
| terugbring | | houding | |
| stuur | | vertrek | |
| bedremmeld | | behalwe | |

31 **FIELA: Ons is sy wil en God kyk op ons af en Hy skryf iedere traan op wat ŉ kind deur ons wil stort.**

Verduidelik in jou eie woorde wat Fiela met hierdie woorde bedoel het. (2)

32 Die Lange het beweer dat Fiela die kind weggesteek het.

Waaruit kan jy aflei dat die bewering tog reg was? (2)

33 Wie het Benjamin van die Here geleer? (1)

34 Hoekom het Benjamin nie nodig gehad om kerk toe te gaan nie? (1)

35 Wie het Benjamin skoolwerk geleer? (1)

36 Hoekon kon Dawid en Tollie Benjamin nie somme leer nie? (1)

37 Wie het Benjamin somme geleer? (1)

38 Wie het Dawid en Tollie somme geleer? (1)

39 Wanneer sou die mans Benjamin terugbring? (1)

40 Wanneer sou die mans Benjamin kom optel om Knysna toe te gaan? (1)

41 **FIELA: Hoe weet ek hulle staan nie en lieg nie?**

**SELLING: Baas, lieg baas-hulle?**

**LANGE: Ons lieg nie, maar ...**

Dink jy die mans het beplan om Benjamin terug te bring? Motiveer jou antwoord. (1

42 Waarmee het die Lange Fiela gedreig as Benjamin nie reg is as hulle hom die volgende oggend kom haal nie? (1)

43 Na wie het Fiela altyd gedraai as sy ontsteld was of raad nodig gehad het? (1)

44 Hoekom het die Komoeties bedremmeld die huis ingeloop? (1)

## TONEEL 4 (DEEL 1: BL.63-66)

**Bladsy 63**

| | | | |
|---|---|---|---|
| dwaas | | gelede | |
| vang | | vuur | |
| blik | | belowe | |
| berg | | hemp | |
| skaam | | sinkbad | |
| handdoek | | gedraai | |

1.1 Waar het Fiela gedink kon Benjamin gaan wegkruip? (1)

1.2 Met watter EEN WOORD het sy haar plan beskryf? (1)

2. Hoekom was Fiela te bang om Benjamin fonteinekloof toe te stuur? Gee TWEE feite. (2)

3. Aan wie het die skaap behoort wat deur ’n tier in die fonteinekloof gevang is? (1)

4.1 Wat beteken die woord “slingermaer”? (1)

4.2 “Laghaans se ou slingermaer skape ...”

Wat het Fiela met dié woorde oor die Laghaans geïmpliseer? (1)

5 Noem die opdragte wat Fiela aan elke kind uitgedeel het om Benjamin gereed te kry vir sy tog na Knysna. (4)

6 Wanneer sou die mans Benjamin terugbring? (1)

7 Wie gaan, volgens Fiela, oor Benjamin se lot besluit? (1)

8 **FIELA: “En Ma belowe jou, jy sal nie nodig hê om jou kop anderkant daardie berg te laat sak omdat jy as ’n Komoetie ingeskryf staan in die Goewerment se boek nie.”**

8.1 Beskryf Fiela se karakter na aanleiding van hierdie aanhaling met EEN WOORD. (1)

8.2 Verduidelik in jou eie woorde wat hierdie stelling beteken? (1)

8.3 Beskryf in DRIE sinne hoe Fiela bogenoemde probeer regkry het. (3)

9 Noem die naam van die plek waar Dawid kortpad dorp toe gaan vat . (1)

10 Wat moes Dawid in die dorp gaan doen? (1)

11 By wie het Dawid ŉ hemp en skoene gaan koop? (1)

12 Hoe gaan Dawid vir die klere betaal? (2)

13 Hoe is Benjamin se voete gemeet? (1)

14 Wat wou Fiela met die naaldwerkgoed doen? (1)

15 Gee Fiela om oor hoe haar kinders lyk? Motiveer jou antwoord met TWEE redes. (2)

16 Hoekom was Fiela so haastig om Benjamin reg te kry vir die tog Knysna toe? (1)

17 Waarin het Fiela vir Benjamin gebad? (1)

**Bladsy 64**

| | | | |
|---|---|---|---|
| sloot | | lieg | |
| tronk | | woon | |

18 Hoekom, dink jy, het Fiela besluit om self vir Benjamin te was? (1)

19 Waar het Benjamin homself gewoonlik gebad/Waar wou Bejamin homself gaan was? (1)

20 Beskryf Benjamin se gemoed oor die reis na Knysna met EEN WOORD. (1)

21.1 Hoe mag Benjamin nie die magistraat aanspreek nie? (1)

21.2 Verduidelik jou antwoord in VRAAG 21.1. (1)

21.3 Dink jy die aanspreekvorm “Baas” word vandag nog gebruik? Gee ŉ rede vir jou antwoord. (1)

22 Hoe moes Benjamin, volgens Fiela, die magistraat aanspreek? (1)

23 Wat moes mense nie voor die magistraat doen nie? Verduidelik jou antwoord met TWEE feite. (3)

24.1 Wat sou destyds met jou gebeur as jy vir die magistraat gejok het? (1)

24.2 Dink jy dat bogenoemde straf vandag nog plaasvind? Motiveer jou antwoord. (1)

25 Hoekom kon Fiela nie saam met Benjamin Knysna toe gaan nie? (1)

26 Hoe moes Benjamin die magistraat antwoord as hy hom vra waar hy woon? (1)

27 Hoekom, dink jy, was dit belangrik dat die magistraat moes weet

dat die Komoeties grond besit? (1)

28 Wat moes Benjamin antwoord as die magistraat hom vra hoe hy Fiela se kind geword het? (1)

**Bladsy 65**

| | | | |
|---|---|---|---|
| skryf | | lees | |
| somme | | terugbring | |
| kers | | trommel | |
| opfrommel | | leen | |
| lap | | knoop | |

29.1 Hoekom moes Benjamin mooi skryf en lees voor die magistraat? (1)

29.2 Waarom was dit belangrik dat Benjamin moes wys hy kan lees en skryf? (1)

30 Waaroor kon die magistraat vir Benjamin uitvra wat nie vir Fiela ŉ bekommernis was nie? (1)

31.1 Wat was Benjamin bang gaan die magistraat hom vra? (1)

31.2 Hoekom was Benjamin bang die magistraat gaan hom bogenoemde vra? (1)

32 Noem die emosie wat Benjamin aanhou voel? (1)

33 Hoe moes Benjamin, volgens Fiela, van sy "bang" ontslae raak? (1)

34 Kan jy met Benjamin se vrees identifiseer? Verduidelik jou antwoord. (1)

35.1 Wat was Benjamin se grootste vrees? (1)

35.2 Verduidelik hoe Fiela Benjamin se vrees probeer stilmaak het? Gee TWEE feite. (2)

36 Waarin het Fiela Benjamin se goed gepak? (1)

37 Wat kan jy oor Fiela se persoonlikheid aflei oor die manier waarop sy alles in die trommel gepak het? (1)

38 Benjamin gaan sy nuwe blou hemp die hele tyd dra.

Stem jy saam met die stelling? Motiveer jou antwoord. (1)

39 Noem die goed wat Fiela vir Benjamin in sy trommel gepak het. (4)

40 Benjamin gaan sy eie baadjie dra.

Hoekom is die stelling VERKEERD? (1)

41 Hoeveel geld het Fiela vir Benjamin gegee en hoekom? (2)

42 Hoe het Fiela seker gemaak dat Benjamin nie die geld verloor nie?
Gee TWEE feite. (2)

43 Hoe verskil die Komoeties van die ander bruin mense in die Lange Kloof? (2)

**Bladsy 66**

| | | | |
|---|---|---|---|
| verloor | | vat | |
| moeilikheid | | klink | |
| genade | | gordyn | |

44.1 Wat mag Benjamin nie met die geld koop nie? (1)

44.2 Verduidelik jou antwoord in VRAAG 44.1. (1)

45 Wat sou Fiela met Bejamin doen as hy die geld verloor? (1)

46 Wat moes Benjamin doen as die magistraat/mans sy geld vat? (1)

47 Wat het Selling voorgestel, moes Benjamin die magistraat noem? (1)

48.1 Wat mag Benjamin nooit vir die magistraat vertel nie? (1)

48.2 Hoekom, dink jy, mag Benjamin bogenoemde nie doen nie? (1)

48.3 By wie het Benjamin die nuus in VRAAG 48.1 gehoor? (1)

49 Wat was die geheim wat Fiela en Selling van Benjamin weerhou het? (1)

50 Hoe het Fiela gereageer toe sy uitgevind het Benjamin is bewus
van die geheim? (1)

51 Fiela het besluit dat Benjamin saam met die sensusopnemers
Knysna toe moes gaan.

Wat sou jy gedoen het as jy in Fiela se skoene was?
Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

# TWEEDE BEDRYF (BL.67-90)

## <u>TONEEL 1</u> (BL.67-69)

### BLADSY 67

| | | | |
|---|---|---|---|
| tel | | vingers | |
| vergeet | | deure | |
| sluit | | venster | |
| moeilikheid | | trommel | |
| sak | | vorentoe | |
| maklike | | vraag/vrae | |
| onthou | | | |

1 Hoekom, dink jy, het Benjamin die nege maal tafel oor en oor herhaal? (1)

2 Wat het Benjamin gedink sou hy doen as die mense van hom vergeet het daar in die magistraat se kantoor? (1)

3.1 Hoekom sou Benjamin nie die trommel net daar kon los nie? (3)

3.2 Wat openbaar bogenoemde vir ons oor Benjamin se karakter? (1)

4 Hoekom, dink jy, was Benjamin bly dat hy darem die geld in sy sak gehad het? (1)

5 Die volgende gebeure het plaasgevind terwyl Benjamin op die magistraat gewag het.

Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die KORREKTE volgorde neer:

- Benjamin het 5 sjielings in sy sak.
- Benjamin herhaal die nege maal tafel.
- Benjamin wil deur die venster klim as hulle van hom vergeet het.
- Benjamin kan nie sonder die trommel teruggaan nie. (4)

6 Hoekom het die magistraat gedink Benjamin kry koud? (1)

7 Wat het die magistraat heel eerste probeer vasstel toe hy sy kantoor binnegestap het? Noem TWEE dinge. (2)

8 Hoe het Benjamin die magistraat die eerste keer aangespreek? (1)

9 Hoe het die magistraat se liggaamshouding gewys dat hy geskok was op die manier waarop Benjamin hom aangespreek het? (1)

10 Op watter dorp het die hofsitting plaasgevind? (1)

**Bladsy 68**

| | | | |
|---|---|---|---|
| doodstil | | wink | |
| opdrag | | stamp | |
| weerskante | | begryp | |
| weggeraak | | moontlikheid | |
| moeilik | | uitken | |
| twyfel | | herken | |

11.1 Hoe het Benjamin die magistraat aangespreek toe die vrees te erg was? (1)

11.2 Hoe het die magistraat sy misnoë met bogenoemde gedrag te kenne gegee? (1)

12 Hoeveel seuns is ingeroep om saam met Benjamin aan die uitkenningsparade deel te neem? (1)

13 Hoekom, dink jy, was Elias verskrik terwyl hulle daar in die hof was? (1)

14 Verduidelik waarom die magistraat dadelik vir Barta geglo het toe sy Benjamin as haar kind uitgewys het. (2)

15 Hoe het Benjamin na Barta verwys? (1)

16 Dink jy dit was regverdig teenoor Benjamin dat hy alleen sonder Fiela en Selling Knysna toe is om voor die magistraat te verskyn? Motiveer jou antwoord. (1)

17 Hoe het Benjamin reageer toe die magistraat vir hom gesê het dat Barta hom as haar kind uitgewys het? (1)

18 Hoe het die magistraat aan Benjamin probeer verduidelik wat tydens die uitkenningsparade gebeur het? (4)

19 Op watter DRIE maniere het die magistraat in die hof probeer uitvind of Benjamin die Van Rooyens se kind was? (3)

**Bladsy 69**

| | | | |
|---|---|---|---|
| vreemd | | ekskuus | |
| toebetrou | | lieg | |
| kaalgatte | | | |

20 Wat het Benjamin bly herhaal toe die magistraat vir hom gesê het hy moes saam met die Van Rooyens gaan? (1)

21 Hoe het Benjamin die magistraat probeer oortuig om hom nie saam met die Van Rooyens Bos toe te stuur nie? (4)

22 Wat het die magistraat Benjamin beveel om te doen? (1)

23.1 Watter WOORD mag Benjamin nooit weer gebruik nie? (1)

23.2 Hoe het die magistraat hierdie opdrag van hom geregverdig? (1)

23.3 Hoekom sou jy sê dat die woord "baas" gedurende daardie politieke tyd nie die gebruiklike woord vir Benjamin was om te gebruik nie? (1)

24 Kies die KORREKTE antwoord om de sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer (24) en die letter (A-D) neer, bv. 24 E.

Die magistraat het gedink dat hy die regte besluit geneem het omdat ...

A hy die wette van die land geken het.
B hy aanvaar het dat die Bosvrou eerlik was.
C daar reeds jare lank na ŉ verlore kind gesoek is.
D hy geweet het dat Selling vroeër in die tronk was. (1)

25 Verduidelik waarom die sensusmanne reg opgetree het om vir Benjamin van Fiela af weg te vat. Verwys in jou antwoord na die politieke konteks van daardie tyd. (2)

26 **BENJAMIN: Ek is Fiela Kpmptie se kind, baas, ons is nie kaalgatte nie, baas, ek sweer. Ek het vyf sjielings om dit te wys.**

Op watter DRIE maniere (behalwe met die 5 sjielings) het Fiela nog seker gemaak dat Benjamin ŉ goeie indruk op die magistraat sou maak? (3)

27 Noem TWEE maniere hoe die dramaturg op bl. 69 dit reggekry het dat die leser Benjamin se vrees kon aanvoel. (2)

28 Verduidelik die uitdrukking "ons is nie kaalgatte nie." (1)

29 Dink jy die magistraat se opdrag aan Benjamin om saam met die Van Rooyens terug te gaan, is aanvaarbaar? Motiveer jou antwoord. (1)

30 Hoe het Benjamin in die hof gewys dat hy en Selling ŉ goeie verhouding het? (1)

## TONEEL 2 (DEEL 1: BL. 69-74)

### Bladsy 69

| | | | |
|---|---|---|---|
| moeg | | gryp | |
| neersit | | sonder tong | |

1 Waarheen was Benjamin op pad saam met Elias en Barta? (1)

2 Waarom het Benjamin besluit om die tog maar saam met Elias-hulle aan te pak? (1)

3 Hoekom, dink jy, (buiten dat hy vreemd gevoel het) antwoord Benjamin nie vir Elias as hulle hom Lukas noem nie? (1)

4 **BARTA: Hoekom is die kind so sonder tong?**

4.1 Word Barta se woorde hier DENOTATIEF of KONNOTATIEF gebruik? (1)

4.2 Verduidelik jou antwoord in VRAAG 4.1. (1)

5 Hoekom sou Elias dink dat Lukas dalk moeg kon wees? (1)

### Bladsy 70

| | | | |
|---|---|---|---|
| vreemd | | maer | |
| hurke | | skaam | |
| skop | | gedaan | |
| verwilder | | geheim | |
| nêrens | | bobbejaanboude | |
| wag | | | |

6 Hoekom het Elias gedink, wou Lukas nie praat nie? (1)

7 Hoekom het Elias nie getwyfel dat Benjamin Lukas was wat weggeraak het nie? Gee TWEE redes. (2)

8.1 Na wie het Lukas geaard? (1)

8.2 Hoekom het Elias volgens jou antwoord in VRAAG 8.1 so gedink? (1)

9 Hoekom het Barta gedink wou Lukas nie by hulle sit toe hulle gerus het nie? (1)

10 Wat het Elias en Barta met Lukas se trommel gedoen? (1)

11 Hoekom was daar so baie mense toe Lukas-hulle by die boshuis aangekom het? (1)

12 Waarom, dink jy, sou almal aan Lukas wou vat? (1)

13 Wat het Lukas gedoen toe die kinders aan hom gevat het? (1)

14.1 Wie het vir Lukas ingetree? (1)

14.2 Hoekom het sy gevoel almal moes Lukas uitlos? Gee DRIE redes. (3)

15 Hoe het Lukas vir ons gewys dat hy Willem en Nina nie as sy familie erken het nie? Gee TWEE redes. (2)

16 Watter karaktereienskap van Elias word op hierdie bladsy uitgehef? (1)

17.1 Het jy begrip vir Lukas in hierdie situasie waarin hy hom bevind? Motiveer jou antwoord. (1)

17.2 Watter emosie ontlok Lukas se situasie by jou as leser? (1)

18 Wat het Nina vir Lukas aangebied om te eet? (1)

19.1 Hoe het Nina Lukas se aandag probeer kry? (1)

19.2 Het Nina se manier van aandag soek dadelik met Lukas gewerk? Gee TWEE redes. (2)

19.3 Wat het Nina gesê gaan met Lukas gebeur as hy heeldag so sit? (1)

19.4 Hoekom, dink jy, het Nina regtig Lukas se aandag probeer kry? (1)

20 **LUKAS: Ek wag vir my ma.**

20.1 Wie is die ma na wie Lukas hier verwys? (1)

20.2 Wat word met hierdie woorde oor Benjamin se verhouding met Fiela geïmpliseer? Verduidelik jou antwoord. (2)

**Bladsy 71**

| | | | |
|---|---|---|---|
| haal | | weggeraak | |
| doof | | miskien | |
| verdwaal | | jaag | |

21 **NINA: Pa sê hy gee jou nog net vandag om uit jou nuk te kom. Van môre af gaat hy vir jou lekker kortvat**.

21.1 Na watter "nuk" het Nina verwys? (1)

21.2 Wat het Nina met die woorde "kortvat" gesuggereer? (1)

22 Hoekom wou Lukas aanvanklik nie saam met Nina in die bos gaan speel nie? (1)

23 Noem die twee voëls wat Nina gehoor het? (2)

24 Wat wou Lukas by Nina weet? (1)

25 Watter pad het na die Lange Kloof toe geloop? (1)

26 Wat impliseer "hardepad"? (1)

27 Wat wou Lukas hê moes Nina hom gaan wys? (1)

28 Hoe het Nina Lukas gekry om saam met haar in die bos te gaan? (1)

29 Watter raad het Nina vir Lukas gegee as hulle olifante op die pad sou kry? (1)

30 Wat sou jy gedoen het as jy Lukas was en jy moes by die van Rooyens in die Bos gaan woon het? (1)

31 Hoe sou jy gevoel as jy Lukas was en jy moes by die van Rooyens gaan bly? (1)

**Bladsy 72**

| | | | |
|---|---|---|---|
| volwassene | | vertrou | |
| knieë | | rats | |
| gly | | modder | |
| hemp | | skoon (b.nw.) | |
| skoonmaak (ww.) | | lieg | |
| dadelik | | omdraai | |
| wild | | | |

32 Wat is die funksie van "(op band)" in die eerste spreekbeurt? (1)

33 Hoekom het Lukas nie vir Nina vertrou nie? (1)

34.1 Hoe het Lukas Nina beskryf? (2)

34.2 Benoem die beeldspraak in reël 4 van die eerste spreekbeurt. (1)

34.3 Skryf die beeldspraak neer. (1)

35 Na wie het Lukas verwys as "my ma"? (1)

36 Waarom het Nina aanvaar dat Lukas haar verlore broer was? Gee TWEE feite. (2)

37.1 Wat het Nina van Lukas gevat? (1)

37.2 Waaruit kan ons aflei dat Lukas nie baie gelukkig was oor bogenoemde nie? (1)

38 Hoe het Nina gereageer op Lukas se woorde dat hy Fiela se kind was? (1)

**Bladsy 73**

| | | | |
|---|---|---|---|
| skielik | | onbeskof | |
| belowe | | bottels | |
| uitgegrawe | | stroompie | |
| kortaf | | afdroog | |
| wegsteek | | gesteel | |
| klank | | verskillende | |
| sukkel | | | |

39 Hoe het Lukas Nina aangespreek as hy haar nie op haar naam genoem het nie? (1)

40 Hoekom was Lukas so bang toe Nina vir hom in die bos weggekruip het? (1)

41 Hoe het Lukas Nina beskryf toe sy skielik weer verskyn en gelag het oor sy vrees? Gee TWEE woorde. (2)

42 Wat het Nina agter 'n boom uitgegrawe? (1)

43 Waar het Nina haar bottels gekry? (2)

44.1 Watter soort bottel het Nina by tant Gertjie gesteel? (1)

44.2 Hoekom het sy dié spesifieke bottel by tant Gertjie gesteel? (1)

45 Wat was Nina se geheim? (1)

46 Watter voëls kon Nina na-aap? (4)

47 Watter voël het sy gesukkel om te na-aap? (1)

48.1 Voltooi die sin met EEN WOORD.

Wanneer Nina op haar bottels blaas, maak sy ________________ (1)

48.2 Hoekom sou jy sê, was Nina kunstig? (1)

**Bladsy 74**

| | | | |
|---|---|---|---|
| osriem | | natmaak | |
| agterdogtig | | mondfluitjie | |
| kombers | | neergooi | |
| slurpe | | sweer | |

49.1 Hoe het Elias sy kinders getugtig/berispe? (1)

49.2 Hoe sal jy Elias se karakter beskryf na aanleiding van sy manier oor hoe hy sy kinders geslaan het? Gee slegs EEN WOORD. (1)

49.3 Stem jy saam met Elias se manier van tugtiging? Motiveer jou antwoord. (1)

50 Wat sou Elias doen as Lukas nie ophou neul om terug te gaan na Fiela toe nie? Gee TWEE feite. (2)

51 Waaruit kan ons aflei dat Elias geen genade toon wanneer hy sy kinders slaan nie? (1)

52 Hoe het Lukas dit reggekry dat Nina hom die pad uit die bos sou wys? (1)

53 Waaruit kan jy aflei dat Nina nie geld geken het nie? (1)

54 Wat wou Nina vir haarself met die 5 sjielings koop? Noem TWEE dinge. (2)

55 Verduidelik hoekom Nina nie meer haar eie kombers het nie. (2)

56 Die bosmense was liggelowig.

Stem jy saam met die stelling? Motiveer jou antwoord. (1)

57 Watter woord het die bosmense vir die olifante gebruik? (1)

58 Waaruit kan ons aflei dat Nina nie geleerd was nie? (1)

59 Watter belofte het Nina aan Lukas gemaak? (1)

60 Dink jy Lukas het enige kennis van die bos gehad? Gee ʼn rede vir jou antwoord. (1)

61 Watter voordeel het dit vir Nina ingehou om Lukas by hulle in die huis te hê? Noem TWEE voordele. (2)

62 Watter vooroordeel kom tot dusver in hierdie drama na vore? (1)

## TONEEL 2 (DEEL 2: BL. 75-77)

**Bladsy 75**

| | | | |
|---|---|---|---|
| uithaal | | sag | |
| balke | | byl | |
| uitsweet | | luister | |
| gereeld | | gewond raak | |
| vlees en bloed | | leeglê | |
| geskoffel | | uitbly | |

1 Wat was die Van Rooyens se stapelvoedsel? (1)

2 Waarvoor wou Elias Lukas gebruik/tot watter voordeel was Lukas vir Elias? (1)

3.1 Wat was Barta se verskoning dat Elias Lukas nie mag slaan nie? (1)

3.2 Waarom was Elias versigtig om aan Lukas te slaan? (1)

4 Verduidelik die sin "sy nuk kan uitsweet" in jou eie woorde. (1)

5 Verduidelik die sin "dis in my vuur wat die kaiing lê". (1)

6.1 Watter WOORD het Lukas gebruik wat Elias ontstel het? (1)

6.2 Hoekom het die gebruik van die woord in VRAAG 6.1 Elias so ontstel? (1)

6.3 Wat, volgens Elias, was die rede waarom Lukas die woord in VRAAG 6.1 gebruik het? (1)

7 Wat was vir Barta 'n goeie teken in verband met Lukas? (1)

8 Watter werk moes Nina om die huis doen? (1)

9 Wat het Nina dan gewoonlik gedoen as sy moes werk? (1)

10 Waaro wou Elias hê, moes Nina uit die Bos bly? (1)

11 Dink jy dit is reg om geweld teenoor jou kinders te gebruik as hulle ongehoorsaam is? Motiveer jou antwoord. (1)

12 Elias is 'n rassis.

Stem jy saam met die stelling? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

13 Elias voel dat Lukas te lank onder die invloed van die "bruingoed" was.

Wat is so ironies omtrent hierdie denkwyse van Elias? (2)

14 Waarvoor het Elias gedink was Nina en Lukas goed? (1)
15 Hoe het Barta vir Nina verdedig? (1)

16 **BARTA: Jy sal haar nie uit die Bos hou nie.**

Watter karaktereienskap van Nina word met die stelling geopenbaar? (1)

**Bladsy 76**

| | | | |
|---|---|---|---|
| vasmaak | | fout | |
| neul | | vaderplig | |
| maaksels | | tevrede | |
| insluip | | trek | |
| soek | | skelm | |

17.1 Wat sou Elias met Nina doen as sy nie uit die Bos wou bly nie? (1)

17.2 Watter dier word so wreed vasgemaak om hom in sy kraal te hou? (1)

17.3 Benoem die beeldspraak wat hier gebruik word. (1)

18 Waarom wou Elias vir Lukas en Nina ŉ pakslae gee? (1)

19 Hoe het hulle daarin geslaag om onder Elias se oë te verdwyn? (1)

20 Waarvoor was Barta bang as Elias vir Lukas gaan slaan? (1)

21 Wat beteken dit as Elias vir Barta vra of hy eers die magistraat se "tjap" moet kry voor hy Lukas kan slaan? (1)

22.1 Hoekom sou Barta moes help as Elias vir Nina wou slaan? (1)

22.2 Dink jy Nina se optrede in VRAAG 22.1 is aanvaarbaar? Motiveer jou antwoord. (1)

23 Noem TWEE maniere waarop Elias die kinders wou straf as hulle terugkom? (2)

24.1 Na wie het Elias verwys as "maaksel" en "vreksel"? (1)

24.2 Watter tipe vader sou jy sê, was Elias? (1)

25 Op watter manier het Elias Nina hier mishandel? (1)

**Bladsy 77**

| | | | |
|---|---|---|---|
| weggeloop | | omdraai | |
| spyker | | soek | |

26 Waaruit kan ons aflei dat Nina haar belofte aan Lukas nagekom het? (1)

27 Wat was Nina se verskoning aan Elias oor hoekom sy Bos toe was? (1)

28 Hoekom het Nina nie net eerder die waarheid aan Elias erken nie? Verduidelik jou antwoord. (2)

29 Waar het Nina laas vir Lukas gesien? (1)

30 Hoe het Lukas, volgens Nina, geweet om by Diepwalle uit te kom? (1)

31 Waaruit kon Elias dadelik aflei dat Nina vir hom gelieg het? (2)

32 Om watter redes was almal verskrik toe hulle uitgevind het Lukas was alleen in die bos op pad terug Lange Kloof toe? Gee DRIE moontlike redes. (3)

33 Hoe gaan Elias die wegloopsituasie oplos? (1)

34 Wat word gesuggereer as Elias die lantern saam met hom vat? (1)

35 Is Barta, volgens jou, ŉ rolmodel vir vandag se moderne vrou? Gee ŉ rede vir jou antwoord. (1)

36 Waaruit kan die leser aflei dat Lukas ŉ pakslae gaan kry? (1)

37 Waarheen was Lukas op pad? (1)

## TONEEL 3 (BL. 77-80)

**Bladsy 77**

| | | | |
|---|---|---|---|
| stofstraat | | vaal | |
| stroef | | wet | |
| aangluur | | talm | |

1.1 Waarmee word die magistraatsgebou vergelyk? (1)

1.2 Hoekom is die vergelyking in VRAAG 1.1 so effektief? (1)

1.3 Wat, dink jy, wil die dramaturg met die vergelyking bereik? Gee TWEE redes. (2)

1.4 Watter ooreenkoms is daar tussen die magistraatsgebou en die wet? (2)

2 Wat is die funksie van die "(op band)" in Fiela se spreekbeurt? (1)

3 Na wie het sy as die vredestoorders verwys? (1)

4 Hoekom is die gebruik van die woord "vredestoorders" so effektief? (1)

5 Haal ŉ voorbeeld van personifikasie uit Fiela se spreekbeurt aan. (1)

**Bladsy 78**

| | | | |
|---|---|---|---|
| dringend | | verleë | |
| buk | | skoonmaker | |
| bejaarde | | besem | |
| emmer | | genade | |
| vererg | | ernstige | |
| klagte | | | |

6 Hoe lank het dit Fiela gevat om tot in Knysna te loop? (2)

7 Hoekom, dink jy, het Fiela iemand gesoek wat Hollands by die magistraatsgebou kon praat? (1)

8 Wie is die magistraat? (1)

9 Wat beteken dit wanneer die magistraat "op die bank" is? (1)

10 "Seil soos ŉ slang."

10.1 Wat is die betekenis van die vergelyking? (1)

10.2 Hoekom moes Fiela soos ŉ slang seil? (1)

11 Hoekom, dink jy, was Fiela so bly om die skoonmaker te sien?

Gee TWEE redes. (2)

12 Verduidelik hoekom die skoonmaker nie haastig was om die magistraat te gaan roep nie? (2)

13 Hoe het Fiela oor die klag wat sy wou lê, gevoel? (1)

**Bladsy 79**

| | | | |
|---|---|---|---|
| sonder moed | | geloof | |
| besigheid | | terugbring | |
| grootgebring | | regkom | |
| oomblik | | gehuur | |

14 Wat se inligting het Fiela van die skoonmaker oor die magistraat gekry wat haar verlig laat voel het? (1)

15 Watter TWEE dinge, volgens Fiela, sou Fiela in haar bangheid dra? (2)

16.1 Wie het die skoonmaker gaan roep? (1)

16.2 Onder watter wanindruk het die skoonmaker verkeer? (1)

17 Hoe weet jy dat die konstabel ʼn wit man was? (1)

18 Wat was die doel van Fiela se besoek aan die magistraat?
Gee TWEE feite. (2)

19 **SKOONMAKER: Ek staan maar sommer die wêreld en deurkyk, antie. Dit lyk my hy gaat vandag verkeerdekant draai.**

Verduidelik die skoonmaker se woorde aan Fiela in jou eie woorde. (1)

20 Waaruit kan ons aflei dat die skoonmaker nuuskierig was? (1)

**Bladsy 80**

| | | | |
|---|---|---|---|
| snork | | vee | |
| baserig | | afgehandel | |
| ouers | | terugbesorg | |
| onmiddellik | | waar | |
| vonnis | | vlam | |
| verby | | | |

21 Hoekom, sou jy sê, het Fiela nie baie van die skoonmaker gehou nie? (2)

22 Die konstabel het vir Fiela positiewe nuus van die magistraat af gebring.

Stem jy saam met die stelling? Motiveer jou antwoord met TWEE feite. (2)

23 Waaruit kan ŉ mens aflei dat die magistraat se besluit finaal was? (1)

24 Waarom, sou jy sê, het die konstabel se houding die tweede keer verskil van die eerste keer? (1)

25 Hoekom was die konstabel so seker van sy saak dat die kind aan sy regte ouers terugbesorg is? (1)

26 Hoe het Fiela gevoel toe sy hierdie slegte nuus van die konstabel gehoor het? Gee slegs EEN WOORD. (1)

27 Kan jy met Fiela se ongeloof/verslaentheid identifiseer? Gee ŉ rede vir jou antwoord. (1)

28 Beskryf die emosies van Fiela na sy hierdie slegte tyding van die konstabel gekry het. (1)

29 Verduidelik die sin “soos afsterf sonder groet” in jou eie woorde. (1)

30 Skryf die boodskap wat jy graag vir Fiela onder hierdie omstandighede sou wou gee, neer. (1)

## TONEEL 4 (BL. 80-83)

**Bladsy 80**

| | | | |
|---|---|---|---|
| skouers | | probeer | |

1.1 Hoe sou jy Elias se gemoedstoestand in hierdie openingstoneel beskryf? (1)

1.2 Motiveer jou antwoord in VRAAG 1.1. (1)

2 Wat het Lukas gedoen toe hy Elias agter hom gehoor het? (1)

3 Voltooi die sin met EEN WOORD:

Elias het Lukas platgetrek soos ŉ mens ŉ _______________ sal plattrek. (1)

4 Hoe het Elias daarin geslaag om Lukas te vang? (2)

5.1 Wat is die letterlike betekenis van "ŉ angel"? (1)

5.2 Gee ŉ ander idioom wat dieselfde betekenis het as die konnotatiewe betekenis van " ŉ angel". (1)

**Bladsy 81**

| | | | |
|---|---|---|---|
| asseblief | | oom | |

6 Wat het Lukas Elias genoem voor hy "pa" gesê het? (2)

7 Watter emosie ervaar Elias wanneer Lukas hom "baas" noem? (1)

8.1 Hoe het Elias vir Lukas gedwing om hom "pa" te noem? (1)

8.2 Wat het Elias ook nog vir Lukas gedwing om te doen terwyl hy aangehou het om hom te slaan? (4)

**Bladsy 82**

| | | | |
|---|---|---|---|
| nonsens | | verkoop | |
| stilsit | | tou | |
| woel | | agtervolg | |
| uitglip | | ongemerk | |
| steier | | gewoond | |

9 Waarom was Barta so ontsteld toe Elias en Lukas by die huis aangekom het? (1)

10 In watter drie opsigte is Elias tevrede met homself nadat hy Lukas ŉ pakslae gegee het? (3)

11 Waarmee word Nina se gewoel vergelyk? (1)

12.1 Wat was Nina se verskoning vir haar gewoel? (1)

12.2 Glo jy Nina se verskoning? Gee ŉ rede vir jou antwoord. (1)

13 Waaruit kan ons aflei dat Elias Lukas nog nie heeltemal vertrou het toe Lukas uitgestap het nie? (1)

14 Hoe was Nina ongehoorsaam aan Elias? (1)

15 Wat was Barta se verskoning vir Nina se gewoel? Gee TWEE redes. (2)

**Bladsy 83**

| | | | |
|---|---|---|---|
| alleen | | fluit | |
| kooie | | kers | |
| skêr | | knip/sny | |

16 Waarom mag Nina, volgens Elias, nie alleen Bos toe gaan nie? (1)

17 Waaruit kan ons aflei dat Barta aan Elias onderdanig was? (1)

18 Hoe het Elias teenoor Nina reageer toe sy teruggekom het by die huis? (2)

19 Hoekom het almal vir Elias gehelp om te keer dat Nina weer by die huis uithardloop? (1)

20 Hoekom het Elias nie ŉ skêr gebruik om Nina se hare te sny nie? (1)

21 Wat het Elias gebruik om Nina se hare te sny? (1)

22 Hoe het Nina se gemoedstoestand verander toe sy by die huis teruggekom het? (2)

23 Hoekom het Lukas sy ore toegedruk? (1)

24 Dink jy Willem en Kristoffel het reg opgetree deur Elias te help om Nina te vang en te slaan? Motiveer jou antwoord. (1)

25 Watter hulp is daar vandag vir kinders wat deur hulle ouers mishandel word? (1)

26 Hoekom, sou jy sê, was dit vir Nina gevaarlik om alleen in die Bos te speel? (2)

## <u>TONEEL 5</u> (BL. 83-84)

**Bladsy 83**

| | | | |
|---|---|---|---|
| gestry | | gedwaal | |

1 Waarna moes Kittie in die Bybel vir Fiela soek? (1)

2.1 Buiten die Bybel, by wie anders het Fiela ook vertroosting gesoek (1)

2.2 Wat bewys bogenoemde vir ons oor hulle verhouding met mekaar? (1)

2.3 Wat het Fiela vir Selling gevra? (1)

2.4 Is die gebruik van die vraag funksioneel? (1)

3.1 Wat bedoel Fiela as sy vir Selling sê sy soek ŉ "klaar antwoord"? (1)

3.2 Wat is die verskil tussen ŉ "klaar antwoord" en "halwe antwoord"? (2)

**Bladsy 84**

| | | | |
|---|---|---|---|
| deursny | | volstruiskamp | |

4 Wat was Selling se uiteindelike antwoord op Fiela se vraag? (1)

5 Waar, het Fiela gedink, sou sy die storie van die vrouens in die Bybel vind? (1)

6 Wat was Koning Salomo se antwoord toe die vrouens oor die kind gestry het? (1)

7 Wie sou volgens Selling vir hulle kon uitvind waar Benjamin was? (1)

8 Verduidelik hoekom Fiela nie Petrus Zondagh se hulp wou hê nie? (2)

9 Waarop gaan Fiela in Knysna aandring? (1)

10 Waarom sal die besoek aan Knysna anders wees as haar eerste besoek? (1)

11 Hoekom het Fiela besluit om terug te gaan Knysna toe? (1)

12 Het Fiela op die stadium presies geweet wat sy die magistraat wou vra? Motiveer jou antwoord. (1)

## TONEEL 6 (BL. 84-87)

**Bladsy 84**

| | | | |
|---|---|---|---|
| klop | | herhaaldelik | |

1 **FIELA: Se moer. (*Klop by 'n ander deur*)**

Hoekom is die gebruik van die kragwoord hier effektief? (1)

2 Hoe het Fiela na die magistraat verwys? (1)

2 Dink jy Fiea het besef dat sy besig was om met die magistraat te praat? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

**Bladsy 85**

| | | | |
|---|---|---|---|
| besef | | arresteer | |
| vorige keer | | verduidelik | |
| ingelig | | omdraai | |
| uiteindelik | | verskeie | |
| waarskuwing | | afgehandel | |
| | | | |

4 Hoe het Fiela die magistraat aangespreek toe sy besef het met WIE sy praat? (1)

5 Hoekom was dit aanvaarbaar van Fiela om na die magistraat as Salomo te verwys? (1)

6 Wat was die eerste vraag wat Fiela aan die magistraat gestel het? (1)

7 Watter waarskuwing het die magistraat aan Fiela gerig? (1)

8 Waarom kon die magistraat, volgens Fiela, haar nie laat arresteer nie? (1)

9 Hoe het Fiela reageer toe sy uitgevind het dat sy nog die hele tyd met die magistraat gepraat het? (2)

10 Waarom wou die magistraat nie die saak verder met Fiela bespreek nie? (1)

11 Waarom was Fiela vasbeslote dat Benjamin nie die Van Rooyen-kind kon wees nie? (1)

12 Wat het die magistraat Fiela herhaaldelik geantwoord aangesien hy nie vir haar 'n ander aanvaarbare antwoord gehad het nie? (1)

**Bladsy 86**

| | | | |
|---|---|---|---|
| agter | | berge | |
| per ongeluk | | getuie | |
| vergewe | | oordeel | |
| keel | | vassteek | |
| broei | | huurgrond | |
| verskil | | gebêre | |

13 Hoekom het die magistraat geglo dat hy die regte besluit gemaak het? Gee TWEE redes. (2)

14 Wie was die getuie na wie die magistraat verwys het? (1)

15 Wat sal God die mens nooit vergewe nie? (1)

16 Wat het Fiela gedink kon die rede gewees het waarom die Bosvrou dadelik Benjamin as haar eie uitgeken het? (1)

17 Met watter strikvraag wou Fiela hê, moes die magistraat vir Barta konfronteer? (1)

18 Hoekom het die magistraat gevoel dat die klere geen verskil sou maak nie? (1)

19 Hoekom kon Fiela nie vir die magistraat enige fisiese bewyse van die klere gee nie? (1)

20 Hoe het Fiela aan die magistraat probeer bewys dat sy goed vir Benjamin kon sorg? (1)

**Bladsy 87**

| | | | |
|---|---|---|---|
| genoeg | | moeilikheid | |
| verbied | | dophou | |
| skryf | | veroorsaak | |

21 Dink jy Fiela het die waarheid gepraat? Gee ŉ rede vir jou antwoord. (1)

22 Waarna verwys die Grootboek? (1)

23 Wat het Fiela gedoen toe sy besef het dat die magistraat onversetlik in sy besluit was? (1)

24 Waarmee het die magistraat Fiela gedreig om haar van Benjamin af weg te hou? (2)

25 Beskryf Fiela se emosies toe sy deur die magistraat belet is om enige kontak met Benjamin te maak? Gee slegs TWEE woorde. (2)

26 Dink jy die magistraat verdien enige simpatie van die leser se kant af? Motiveer jou antwoord. (1)

## TONEEL 7 (DEEL 1: BL. 87-89)

**Bladsy 87**

| | | | |
|---|---|---|---|
| tevrede | | aanpas | |
| bekers | | gesond | |
| aangedaan | | slim | |

1 Beskryf die ruimte in die toneel? (1)

2 Wie het by de Van Rooyens kom besoek aflê? (1)

3 Wie het die boswagter gestuur? (1)

4 Wat moes die boswagter kom uitvind? (1)

5 Elias was eerlik met sy antwoorde oor die aanpassing van Lukas.

Stem jy saam met die stelling? Motiveer jou atwoord. (1)

6 Hoekom was Barta, volgens Elias, aangedaan oor Lukas se terugkeer? (1)

7 Wat het die Van Rooyens oor Lukas uitgevind? (1)

8 Hoekom moes Lukas Nina leer lees en skryf? (1)

9.1 Wat beteken die woorde "Haar kop is nie stomp nie." (1)

9.2 Na wie het Elias verwys in VRAAG 9.1? (1)

**Bladsy 88**

| | | | |
|---|---|---|---|
| hout | | aangehou | |
| vreemd | | belet | |
| dikwels | | | |

10 Watter voorbeeld het Elias vir die boswagter gegee oor Lukas se aanpassing? (1)

11.1 Waaroor het Elias nog gejok in verband met Lukas? (1)

11.2 Hoe het Barta amper vir Elias in die moeilikheid laat beland oor sy leuens? (1)

11.3 Sou jy sê dit was moeilik vir Elias om na die blaps met 'n sagte stemtoon te praat? (1)

11.4 Hoe het Elias Barta se antwoord beter laat probeer klink? (1)

12 Hoekom moes Elias vir Barta stuur om 'n bietjie water te gaan drink? (1)

13 Waarom het Elias voorgegee dat dit goed gegaan het met Lukas? (1)

**Bladsy 89**

| | | | |
|---|---|---|---|
| kinderwagter | | gemoed | |
| merke | | wegbly | |

14 Watter guns moes die boswagter vir Elias in verband met Nina bewys? (1)

15 Waarvoor moes Nina werk? (1)

16 Vandag sal dit as kinderarbeid gesien word wanneer jy jou kind so jonk soos Nina uitverhuur om te werk.

Stem jy saam met die stelling? Gee ŉ rede vir jou antwoord. (1)

17.1 Hoekom het Elias gevoel die boswagter kon met ŉ skoon gemoed vir die magistraat gaan vertel dat dit goed gegaan het met Lukas? (1)

17.2 Verduidelik die ironie agter Elias se woorde wanneer hy noem dat Lukas nou tussen sy eie mense was. (2)

18 Hoekom sou Elias in die moeilkheid gewees het as die kinders daar was/opgedaag het? (1)

19 Elias was verlig toe die boswagter besluit om te gaan.

Stem jy saam met die stelling? Motiveer jou antwoord. (1)

20 Dink jy Elias was ŉ goeie pa? Gee ŉ rede vir jou antwoord. (1)

## <u>TONEEL 7</u> (DEEL 2: BL. 89-90)

### Bladsy 89

| | | | |
|---|---|---|---|
| bid | | bly stil/stilbly | |
| vuur | | bruinvel | |

1 Waaruit kan ons aflei dat Lukas nog vashou aan sy geloof wat hy by Fiela geleer het? (1)

2 **LUKAS: Hou jou bek**.

Dink jy Lukas se taalgebruik sou vir Fiela aanvaarbaar gewees het? (1)

3 **ELIAS (*kom in met LUKAS se goed;kortaf*): Hulle het vandag jou goed gebring. Lukas.**

3.1 Wie was die hulle na wie Elias verwys het? (1)

3.2 Hoekom was Elias so kortaf? (1)

3.3 Wat het die hulle daar kom doen? (1)

4 Elias het Fiela vriendelik ontvang toe sy Lukas se goed gebring het.

Stem jy saam met die stelling? Motiveer jou antwoord met TWEE feite. (2)

5.1 Hoe het Elias na Fiela verwys? (1)

5.2 Wat kan jy uit jou atwoord in VRAAG 5.1 aflei oor Elias se karakter? (1)

6 Hoe het Lukas reageer toe hy gehoor het van Fiela se besoek? (1)

7 Wat het Elias gedreig om te doen as Fiela weer daar sou opdaag? (1)

8 Is Elias se gedrag teenoor Fiela aanvaarbaar?
Gee ʼn rede vir jou antwoord. (1)

### Bladsy 90

| | | | |
|---|---|---|---|
| vang | | opgeskote seun | |
| dasvelkombers | | pote | |

9 Wie was klaarblyklik saam met Fiela daar? (1)

10 Noem EEN ding wat Fiela vir Lukas gebring het? (1)

11 Wat het Elias gedreig om te doen toe Lukas agter Fiela wou aanhardloop? (1)

12 Hoekom het Lukas so aggressief teenoor Nina opgetree? (1)

13 Dink jy dit was reg van Elias om so neerhalend teenoor Fiela op te tree? (1)

14 Fiela Komoetie verdien die leser se simpatie.

Gee ’n rede hoekom hierdie stelling WAAR is. (1)

15 Wat, dink jy, het deur Lukas se kop gegaan toe Fiela sy GOED vir hom gebring het? (1)